Eerste uitgawe - 2022

Koeda

Pretoria Bonsai Kai

The word Koeda is Japanese and means: 'Graceful branch'. It is pronounced Ko-eda.

- **Pretoria Bonsai Kai bestuur:**
- Voorsitter – Org Exley 082 809 2037
- Onder voorsitter – Francois van As 074 6011847
- Tesourier - Daan du Toit 012 567 2520
- Sekretaresse – Marianne Erwee 083 377 7893
- Skakelbeampte - Christa Vermaak 083 388 4736
- Addisionele lede : Duvan Horn, Martin Kruger, Johan Els, Jaco Kriek

Enige idees, artikels of terugvoering rakende die nuusbrief kan gegee word aan Jaco Kriek by: jaco.kriek@aurecongroup.com

In hierdie uitgawe

Van die redakteur	1
Vergadering 5 Junie 2021	2
Enjoy the journey	13
Snippets	14
Vergadering 11 September 2021	15
Kalender	24
Terugvoering	25
Sorgskedule	26

Van die Redakteur

Bonsai Friends

It is more than a year since the last Koeda was done. I thought of the reasons, or excuses, to the why it is so. I came upon the following: "An excuse is something we use to deflect blame. We use excuses to be sure others know the circumstances or the people who caused our failure. Notice how that works…. An excuse is used to avoid responsibility. An excuse is a reason or explanation given to justify a fault or offence. Reason is an explanation, cause or basis for something."

So, I have both reasons and excuses as editor. Some of the reasons are that we did not have meetings in July and August last year. But that is a weak reason. So, the excuses are much more, which is just that I did not get to it because I was mostly lazy…..I'm ashamed to say it loud. But, here is another issue. I will try to catch up on the 2021 meetings because members put in a great deal of effort in the presentations and talks.

So, although it might be 'old' news, very valuable information was shared that cannot be discarded. I do not have all the photos taken and all the information, because I also could not attend some of the meetings in person and rely on information passed on by other members. Does this sound like an excuse? Please forgive if something is not included.

It appears that South Africa has successfully navigated the 5th wave of Covid 19, so all indications are that we can safely assume that our meetings will be held as normal going forward. Let's meet again and enjoy the meetings.

Bonsai greetings

Jaco

The bonsai grower knows that if she can give life to a product that lives forever and perpetually adds value to the lives of others, she has not only a success but a legacy.

Steven Berglas

Vergadering van 5 Junie 2021

Die redakteur was nie by die vergadering nie en kon dus nie foto's neem nie. Onder is gelukkig so paar foto's wat iemand geneem het gedurende die vergadering. Verskoning aan die fotograaf wie nie hier genoem word nie aangesien daar vergeet is wie dit was.

Vergadering van 5 Junie 2021 - mini uitstalling

Die redakteur was nie by die vergadering nie en kon dus nie foto's neem nie. Onder is gelukkig so paar foto's wat iemand geneem het gedurende die vergadering van die bome wat uitgestal was. Verskoning aan die fotograaf wie nie hier genoem word nie aangesien daar vergeet is wie dit was asook dat daar geen inligting oor die bome beskikbaar is nie.



Vergadering van 5 Junie 2021 - mini uitstalling

Vergadering van 5 Junie 2021

'Tip of the month' - Deur Duvan Horn

Winter beskerming;
Skuif kwesbare bome na beskutte areas soos kweekhuise of motorhuis om hulle teen die erge koue te beskerm. Jy kan ook rypdoek gebruik. Voorbeeld is Vyebome. Op ons kai se WhatsApp groep was daar 'n mooi voorbeeld van een van ons lede se nuwe kweekhuis wat hy self gebou het. Geen snoei-werk of bedrading word nou gedoen nie, maak jou gereedskap skoon vir die nuwe groei seisoen. Geen oorplanting vind ook nou plaas nie. Geen meer water vir Kremetart bome nie. En ook minder gereeld water vir alle ander bome. Water is slegs nou nodig een tot twee keer per week. Toediening moet geskiet tussen 9h00 en 14h00 sodat die bome genoeg tyd kry om water te absorbeer. Te laat toediening kan veroorsaak dat die water vries in die bak wat tot wortel skade kan lei of selfs jou bak kan laat bars/breek.

Nuwe/minder bekende spesies om te probeer as Bonsai

Pretoria Bonsai Kai

Deur Kobus Erwee

??????????????????????????????????????





Vergadering van 5 Junie 2021

Kobus het 'n "Powerpoint presentation" wat in Afrikaans en Engels was gebruik gedurende sy praatjie. As gevolg van spasie word slegs die Afrikaans hier weergegee.

Bronnelys

- ***South African National Biodiversity Institute***
- ***Tree SA – The Trees of Southern Africa***
- ***Wikipedia***

Kry 'n lys van spesies wat alreeds in die Kai gebruik word

- Makliker gesê as gedaan. Daar was geen rekord van die spesies wat gebruik word in die Kai.
- Wat nou?? Hou 'n boom-sensus.

Boom-sensus resultate

- Die sensus is in 2020 gedoen. Die vorms moes in wees voor of op die laaste vergadering van die jaar.
- Ek het 13 sensus vorms (my eie vorm ingesluit) terug ontvang.
- Uit die 13 vorms het ek 'n totaal van 185 spesies ge-identifiseer.
- Al die persone wat deelgeneem het, het erken dat hulle heelwat bome het wat hulle nie kon identifiseer nie, so, die 185 spesies kon heelwat meer gewees het.
- Boom name, veral uitheemse bome, was moeilik om mee te werk. Van die bome is ge-her klassifiseer en mense gebruik ou name. Baie kon nie die botaniese name gee nie, net die gewone name. Dit was nogal moeilik om die botaniese name te kry veral vir die uitheemse spesies.

Vergadering van 5 Junie 2021

- Ek wil elke persoon wat deelgeneem het aan die sensus bedank. Sonder julle insette sou ons nie ’n idee kon kry watter spesies reeds in die Kai gebruik word nie.
- Ek sal die finale lys vir Duvan gee om op die Kai se webtuiste te plaas.

Elaeodendron transvaalense: SA boom #416

2018.04.25 Nylsvley NR. Photo: David Becking

- **Familie - Celastraceae**
- **Gewone name – Bosveld-saffraan, Lepelhout, Lepelhoutboom, Trans-vaalsaffraan**
- **’n Mooi klein tot medium grootte boom (6m – 8m)**
- **Die boom kom wyd-verspreid voor (KwaZulu-Natal & Mpumalanga) maar is relatief skaars**
- **Groeitempo – Onbekend**
- **Die hout is medium hard en bros**
- **Droogte en ryp bestand - Nee**
- **Blom seisoen – Lente en somer**
- **Die boom kan van saad gekweek word (Die saadmembraan moet eers gebreek word)**
- **Geskik vir bonsai – Ek dink so. Die blare is baie klein en kan dalk nog verklein (Nie in die sensus genoem nie)**

Vergadering van 5 Junie 2021

Kirkia wilmsii: SA boom #269



2017.10.17 Pretoria NBG. Photo: David Becking

- **Familie - Kirkiaceae**
- **Gewone name – Basterpeperboom, Bergsering**
- **'n Medium tot groot boom met die mooiste helder rooi herfskleure**
- **Die boom groei veral in dolomietiese en graniet formasies in berg en rotsagtige gebiede**
- **Groeitempo – Medium**
- **Die hout is relatief sag**
- **Droogte en ryp bestand - Die plant kan ligte ryp hanteer en benodig 'n matige hoeveelheid water**
- **Blom seisoen – Lente en somer**
- **Die boom kan van saad en steggies gekweek word**
- **Geskik vir bonsai – Ek dink so. Dink die pragtige herfskleure kan 'n aanwins in enige versameling wees (Egter nie in die sensus genoem nie)**

Vergadering van 5 Junie 2021

Maytenus undata: SA boom #403

2015.04.24 Witkoppen Nursery. Photo: David Becking

- **Familie - Celastraceae**
- **Gewone name – Gewone Kokaboom, Koko, Kokoboom, Saffraan**
- **Die boom word nie maklik hoër as 12m en kan enkelstammig of meerstammig wees**
- **Die plant kan in baie verskillende omstandighede groei (bosveld, woude, woudrande en klipperige terreine)**
- **Groeitempo – Onbekend**
- **Die hout is hard**
- **Droogte en ryp bestand - Nie seker nie**
- **Blom seisoen – Lente**
- **Die boom kan van saad en steggies gekweek word**
- **Geskik vir bonsai – Ek dink so. Ek het op die Kai se sosiale groep gesien dat mense praat oor die boom (Egter nie in die sensus ge-noem nie)**

Vergadering van 5 Junie 2021

Tarchonanthus camphoratus: SA boom #733



2016.10.04 Walter Sisulu NBG. Photo: David Becking

- **Familie - Asteraceae**
- **Gewone name – Wildekanferbos, Basterolien, Bastervaalbos, Bergvaalbos**
- **'n Klein (2—9m hoog) en interessante semi-bladwisselende boom-pie met 'n pragtige grys loof**
- **Kan in baie moeilike toestande groei. Kom wyd verspreid voor in Suid -afrika (Limpopo, Noord-wes, Gauteng, Vrystaat en Noord Kaap)**
- **Groeitempo – Gemiddeld**
- **Die hout is redelik hard**
- **Droogte en ryp bestand - Baie gehard**
- **Blom seisoen – Lente (Boom oortrek met wit blommetjies)**
- **Die boom kan van saad of satehout steggies gekweek word**
- **Geskik vir bonsai – My opinie — 'n baie geskikte kandidaat (volgens die sensus is daar nog nie een in Pta Bonsai Kai nie)**

Vergadering van 5 Junie 2021

Diospyros austro-africana: SA boom #602.2

2018.09.15 Kirstenbosch NBG Photo: David Becking

- **Familie - Ebenaceae**
- **Gewone name – Kritikom, Vuurmaakbossie, Jakkalsbessie, Jakkals-bos, Kraaibessie**
- **'n Klein boom of struik (10m hoog) met klein blaartjies**
- **Die plant is endemies tot suider Afrika (behalwe Namibië). Daar is 4 varieteite**

⇒ **var. austro-africana - Wes Kaap tot in Namaqualand**

⇒ **var. microphylla – Die mees algemene en wydverspreide varieteit. Kom voor in die Wes Kaap, Noord Kaap Vrystaat en verder noord van die Vaalrivier**

⇒ **var. rubiflora – Kom in die binneland voor vanaf die Vrystaat, Lesotho en KwaZulu-Natal**

⇒ **var. rugosa – Wes Kaap**

- **Groeitempo – Gemiddeld**
- **Die hout is redelik hard**
- **Droogte en ryp bestand**
- **Blom seisoen – Lente**
- **Die boom kan van saad gekweek word. Moeilik van steggies**
- **Geskik vir bonsai – My opinie — 'n Baie geskikte kandidaat (volgens die sensus is daar nog nie een in Pta Bonsai Kai nie)**

Vergadering van 5 Junie 2021

Nuxia congesta: SA boom #633

By JMK - Own work, CC BY-SA 3.0, https://commons.wikimedia.org/w/index.php?curid=25012454

- **Familie - Stilbaceae**
- **Gewone name – Gewone wildevlier**
- **'n Bladhoudende boom of struik**
- **Die plant kom natuurlik voor in droë rotsagtige grasvelde, die bosveld en op woudrande in Limpopo, Noord-Wes, Gauteng, Mpumalanga, KwaZula-Natal en die Oos Kaap**
- **Groeitempo – Vinnig**
- **Die hout is redelik hard en bros**
- **Droogte en ryp bestand—baie gehard**
- **Blom seisoen – Winter**
- **Die boom kan van saad gekweek word**
- **Geskik vir bonsai – My opinie — 'n Baie geskikte kandidaat vir bonsai (volgens die sensus is daar nog nie een in Pta Bonsai Kai nie)**
- **Eie ondervinding:**

⇒ **Die boom groei relatief vinnig**

⇒ **Ek het my boom in twee jaar die stam twee keer afgesny**

⇒ **Buig/bedraad takkies wanneer hulle nog jonk en sag is. Ouer takkies breek baie maklik en hou nie die vorm maklik nie**

⇒ **Moenie te veel met die wortels karring as jy hom oorplant nie**

⇒ **Ek het einde Augustus 2020 die boom oorgeplant. Het wortels gesny. Die boom het in "sulk mode" ingegaan, al sy blare verloor en eers weer 3 maande later uitgeloop. Dink dit was dalk die verkeerde tyd om die boom uit te plant en aan die wortels te werk**

Enjoy the journey……

I often hear experienced bonsai artists encouraging new enthusiast to enjoy their trees even though they are not good trees yet.

I came across the following piece, below, which talks about live in general in the same way. The author is unknow.

We are all guilty of attaching our happiness to an object, title, or one big, specific goal.

And a lot of precious time can be lost in ruminating over our discontentment when these things appear to be out of reach or just don't go as planned.

This seems to be the human condition; projecting meaning onto life at this grand scale and romanticising our milestones as a cure-all for dissatisfaction. This is especially prevalent in modern society where we are conditioned to have our focus directed onto what we don't have, rather than what we do. We are constantly being sold a different version of life. And while it's important to grow and realise our visions, is your contentment only found at the top of the mountain, or are you enjoying it on the way up too?

Learning to enjoy the climb is intrinsic to leading a meaningful life.

Just think about it. Take a moment to reflect on a goal you achieved in your past – a new job, relationship, graduation, perhaps even a wedding, or promotion.

Maybe it's something that at one point seemed impossible to achieve – and now it is done.

Was this milestone a source of endless joy? The answer is likely no, but chances are, you were, for some time happy – yes? This is because happiness is a fleeting, conditional experience.

It is unrealistic to always find yourself on the top of the mountain – when there are so many to climb! Therefore, it is unrealistic to expect yourself to be happy every day – but we have become happiness addicts, nevertheless.

The irony here is that often striving for these goals feels like rolling a stone up a mountain, only for it to fall back down when we get there – because when we scale one pinnacle, and the gratification fades, whether over some days, weeks, or months – another appears before us, perhaps even looming forebodingly. And we begin the cycle of uncertainty and self-doubt when recalibrating all over again.

So, how do we make sure we aren't just living for elusive, peak experiences that come and go in what seems like a blink of an eye, after so much planning and preparation? How do we cut down on losing time to unhappiness and discontent between peaks, which can turn into regret?

Enjoy the journey……

The answer is to find meaning in life, minute-to-minute. This is a recipe for joy, which is more of an underlying, unconditional experience compared to happiness – isn't it?

To live a meaningful life is to be deeply connected to the mundane, profound, direct experience of life – in your small morning rituals, your workflow, when preparing meals, even during idle time with your kids. It all matters. Do nothing halfway. Your life mostly happens while you are doing the climbing – so learn to love it. Give it your all.

Make sure to value your minutes – treasure them. Even the difficult ones.

The more meaning you give to each ordinary minute, the more likely you are to live an extraordinary life.

Snippets

OUR ENVIRONMENT

We all rely too much on plastic

Avoid purchasing products packaged in cellophane, and at home use re-usable containers, silicone covers, or beeswax wraps to store leftovers and conserve food.

You can also make your grandma proud and simply use one plate to cover another plate with leftover food on it...old school habits are often quite eco-friendly!

Inspirasie uit die natuur

Esther van Aarde het hierdie boom in die Strand afgeneem, langs die strand.

Is dit 'slanting, windswept' maak dit saak?

Dit kan nageboots word in bonsai en 'n baie mooi bonsai vorm wees.

Vergadering van 11 September 2021

Cascade en Semi-cascade

Deur
Duvan Horn

Agtergrond:

Die cascade styl word sub verdeel in vol cascade (Kengai) of semi-cascade (Han-kengai). Die styl word gebruik om ’n boom voor te stel wat teen ’n berghang af groei.

Die styl plaas ekstra druk op die boom en jy kry gewoonlik dat die onderste punt van die tak terug sterf omdat daar nie voldoende sap vloei is nie.

Die cascade styl is baie gewild in China waar die bome ’n rowwe voorkoms het teenoor die in Japan wat baie fyner vertoon.

Semi-cascade Styl – (Han-kengai in Japanees):

Die styl word gekenmerk deur die eerste dominante tak wat afgroei teen ’n hoek van ongeveer 45 grade. Die tak groei egter nooit tot onder die bak se bodem nie. Die tak moet ook nie aan die bak se rand raak nie.

Hierdie tak groei altyd na die kant toe en nooit na voor of agter nie. Bakke geskik vir hierdie styl is rond, ses hoekig of vierkantig. Hulle diepte is gewoonlik drie tot vyf keer die stam se dikte.

Indien ’n tafel gebruik word om die boom te vertoon moet die twee mekaar komplimenteer. Hoër tafels word gewoonlik gebruik.

Vergadering van 11 September 2021

Vol-cascade Styl – (Kengai in Japanees):

Die styl verskil van die semi-cascade deur dat die eerste dominante tak wat afgroei verby die bak se bodem gaan. Die tak moet ook nie aan die bak se rand raak nie. Altwee style kan met of sonder ’n kroon gegroei word.

Bakke geskik vir hierdie styl is rond en vierkantig. Hulle is gewoonlik lank en slank. In vierkantige bakke gebruik die een sy of ’n hoek as die voorkant van die bak. Met ronde potte moet minstens twee voete van die bak na voor wys.

Die onderste punt van die tak moet nooit die tafel raak nie.

Versorging:

Cascades word soos enige bonsai versorg met die uitsondering dat die onderste tak moontlik blaar voeding sal benodig omdat dit onder die wortel massa groei. Die boonste groei moet ook in toom gehou word sodat dit nie uit verhouding met die onderste groei is nie. Dit sal ook help met die onderste groei.

Bome geskik vir cascade:

Ranker bome soos bougainvillia en grond bedekkers werk goed vir die cascade styl. Die Juniper en Cotoneaster spesies is ook gewild. Onder en op volgende bladsye is voorbeelde vanaf die internet gekry.

Vergadering van 11 September 2021

Vergadering van 11 September 2021

Vergadering van 11 September 2021

’n Kort oorsig oor Afrika style

Deur Louis vd Walt

Inleiding

- Suid Afrika is die enigste land in die wêreld wat sy eie unieke style het wat goedgekeur is deur Japanese meesters
- Daar is basies 6 hoof Afrika style ontwikkel en beskryf deur Charles Ceronio in sy boek “BONSAI STYLES OF THE WORLD”. Charles kan tereg beskou word as ’n Meester van Bonsai in SA en die wêreld.
- Ek gaan kortliks die ses style bespreek en illustreer met sketse, foto’s en voor-beelde
- Dit is vanselfsprekend dat ons inheemse boomspesies hul die beste verleen tot hierdie style
- Suidelike Afrika het 1666 boomspesies en slegs ’n klein aantal is al bewys as geskik vir bonsai
- ’n Lekker uitdaging vir ons jongmense om baanbrekerswerk te doen

DIE SES AFRIKA STYLE

1. Kremetart
2. Wildevy
3. Platkroon
4. Pierneef
5. Bosveld
6. Wonderboom

Elkeen van hierdie style het ’n aantal substyle. ’n Mens kan jou verbeelding vrye teuels gee.

Vergadering van 11 September 2021

WILDEVY

KORT BESKRYWING

Hierdie styl is een van die variasies van die besemstyl. Die dominante eienskap van die styl is ’n vol sambreel silhoeëte met ’n baie wye sambreel spanwydte.



PIERNEEF STYL

KORT BESKRYWING

Die Pierneef of oop sambreel styl is eksklusief tot Afrika. Die Afrika vasteland het die grootste verskeidenheid flora in die wêreld maar die Vachellia en Senegalia spesies is dominant. Hierdie pragtige bome met hul semi sirkel krone soos oop sambrele het vir Charles Ceronio geinspireer om hierdie tipiese Afrika styl te ontwikkel. Die oop sambreel vorm is spontaan vernoem na die Suid Afrikaanse skilder Jacob Hendrik Pierneef.



Vergadering van 11 September 2021

BOSVELD STYL

KORT BESKRYWING

Die bosveld is ’n groot area in die warmer sub-tropiese dele van suider Afrika. Die bome in hierdie area het spesifieke natuurlike groei karakteristieke en die takstrukture is baie informeel. Die droë omstandighede en invloed van die omgewingsfaktore met-beskadiging deur herbivore het aanleiding gegee tot hul unieke vorms. Die hoofdoelwit van hierdie styl is om die natuurlike voorkoms, gehardheid en uithoevermoë te weerspieël.

KREMETART STYL

KORT BESKRYWING

Die Kremetart is inheems en groei in die droeër tropiese dele van Afrika. Hierdie fassi-nerende, soms eienaardige vorm, fassineer almal wat hom sien. Sommige swart stamme noem hulle onderstebo bome want bogronds lyk dit of dit wortels is. Die boom is nie bekend vir sy hoogte nie maar wel vir die buitengewone breë kroon.



Vergadering van 11 September 2021

WONDERBOOM STYL

KORT BESKRYWING

Word ook genoem elmboog styl. Het sy oorsprong by die buitengewone en bekende Wonderboom in Pretoria. Oor die verloop van eeue het die lang sytakke so swaar geraak dat hulle op die grond gaan lê het. Mettertyd het dit wortel geskiet en ’n boom op sy eie gevorm. Party van hierdie “nuwe” bome het op hulle beurt lang sytakke gemaak wat op die grond gaan lê het en wortel geskiet. Tot drie sulke ringe is al gevorm.

PLATKROON STYL

KORT BESKRYWING

Hierdie pragtige bome kom voor in die warmer dele van Afrika en het ’n unieke takformasie wat vir Charles Ceronio geinspireer het om ’n nuwe Afrika styl te ontwikkel. Die Vachellia sieberiana is ’n massiewe bladwisselende boom met wyd spreidende takke wat ’n plat sirkel vorm. Die Vachellia abyssinica kom meer Noord voor in Ethiopia en het ’n dunner stam en lyk meer delikaat as die sieberiana. Die interressante eienskap van hierdie bome is dat die boonste groei kort is wat die kroon so plat voorkoms gee.



Vergadering van 11 September 2021

'Tip of the month' - Deur Francois van As

Francois het die volgende verskaf wat hy die dag met die vergadering gedeel het:

Ek het by die betrokke vergadering gesê dat 'n mens versigtig moet wees wanneer jy 'n primêre tak teenaan 'n sekondêre tak afsny. Daar moet eerder 'n gedeelte gelaat word sodat sapvloei na die oorblywende tak kan vestig. Die "stompie" sal dan mettertyd terugsterf en kan dan later verwyder word, en die wond mooi afgewerk word. In die geval van die boom onder bespreking het ek dit egter nie gedoen nie en het die boom doodgegaan. Hierdie is gedeeltelik waar. Nadat ek na 'n paar "YouTube" videos oor dennebome gekyk het, het ek besef ek weet nie veel van hulle af nie.

Die betrokke boom is 'n "Stone pine" (Pinus pinea) wat ek in 2009 in Kaapstad as 'n saailing gegrawe het. Met geen kennis van hierdie bome nie het ek dit gelos om te groei. Soos hier op die foto links gesien kan word.

Wat ek wel weet is dat waar takke verleng en geen naalde meer voorkom nie, die tak nie teruggesnoei kan word nie aangesien dit nie daar gaan bot nie. Die tak sal eenvoudig net terugsterf. Al die takke op die boom het so verleng dat ek nêrens naby die stam enige botsels (nuwe groei) gaan kry nie. Dus het ek besluit om van hierdie boom 'n literati te maak.

Wat ek wel intussen van hierdie bome geleer het, is dat hulle nie met een sessie gestyleer of gevorm kan word nie. Nee, dit moet stelselmatig oor 'n paar seisoene gebeur. Anders is die kans goed dat hulle sal doodgaan. En dit is presies wat ek gedoen het, ek het die boom vermoor.

Groete
Francois

Bonsai Kalender — Deur Dr Francois van As

Wat doen ons in Mei?

Dit is laat herfs en die boompies maak gereed om in 'n dormante stadium te gaan. Verminder watertoediening maar let daarop dat die boompies nie uitdroog nie. Te veel water kan wortelvrot en/of swamsiektes tot gevolg hê. Bemesting is nie nodig nie. Verwyder alle vrugte, bessies en blare wat nog aan bladwisselende bome sit aangesien dit die boom gedurende die wintermaande verswak. Indien jy nog vars saad het wat jy wil plant kan dit nog vroeg Mei gedoen word. Dit is ook die laaste geleentheid om 'n boom of twee te verplant (sonder wortelsnoei) voordat die winter begin. Aangesien moontlike ryptoestande op pad is, is dit nou die tyd om koue-sensitiewe bome te beskerm.

Wat doen ons in Junie?

Alle boompies behoort nou dormant te wees. In koue toestande moet watertoediening verkieslik nie laatmiddag of in die aand gedoen word nie. Watertoediening in die oggend laat genoeg tyd gedurende die dag om te dreineer. Gedurende baie koue nagte kan oortollige water veroorsaak dat die wortels vrot. Indien jy verveeld begin raak kan jy gerus jou gereedskapkas nader trek en jou gereedskap begin skoonmaak.

Hoe lyk Pretoria se klimaat hierdie tyd van die jaar?

Pretoria het 'n gematigde savanne (grasvlakte) klimaat met warm, nat somers en droë winters. Van Mei tot September reën dit selde en wanneer wel, is dit maar min.

Maand	Gemiddelde maksimum temperatuur (°C)	Gemiddelde minimum temperatuur (°C)	Gemiddelde ure sonskyn per dag	Gemiddelde aantal dae neerslag per maand	Gemiddelde mm neerslag per maand
Mei	22	8	9	3	6-30mm
Junie	19	5	9	1	6-30mm

Bron: http://www.whatstheweatherlike.org/southafrica/pretoria.htm

Bonsai-groete

Francois

Terugvoering oor demonstrasie/werkswinkelbome

By die vergadering van 4 Augustus 2012 het Esther van Aard ’n Kanniedood boom van ’n groeipot na ’n bonsai bak oorgeplant. Die onderste twee foto’s is in Koeda uitgawe vier van 2012 gewys. Esther het die boom op 4 Okober 2021 afgeneem, foto heel onder. Dit is dus nege jaar later. Esther noem dat sy die boom nog nie weer oorgeplant het na 2012 nie, dalk hoog tyd Esther?

Bo links is die boom in sy groeibak voor oorplant en bo regs die boom oorgeplant na sy bonsai bak geplant op 4 Augustus 2012. Onder is die boom afgeneem op 4 Oktober 2021.

To develop a fine bonsai collection, make one hundred and keep two or three. - Mr Toshio Kawamoto

Sorgskedule **Seisoen:** **Season:**		Mid-somer Mid-summer	Laat somer Late sum-mer	Vroeg herfs Early autumn	Mid-herfs Mid-autumn	Laat herfs Late autumn
Maand: **Month:**		**Jan**	**Feb**	**Mrt** **Mar**	**Apr**	**Mei** **May**
Die boom se jaarsiklus **The tree's yearly cycle**		Kort dormante periode, kon-solideer nuwe groei Short period of dormancy, consoli-date new growth		Bery voor vir dormante periode Prepare for winter dormancy		
Aksie / Action	Bonsai van saad Bonsai from seed			Vir beste resultate gebruik vars saad For best results, use fresh seed		
	Bonsai van steggies Bonsai from cuttings					
	Verplant Potting					
	Herpot met wortelsnoei Repot with root pruning			Immergroen bome Evergreen trees		
	Vormsnoei Formative pruning					
	Knyp groeipunte Pinch growth points					
	Bemesting Fertilizer					
	Insekdoders Insecticide					
	Somerbeskerming Summer protection					

Sorgskedule **Seisoen:** **Season:**		Vroeg winter Early winter	Mid-winter	Laat winter Late winter	Vroeg lente Early spring	Mid-lente Mid-spring	Laat lente Late spring	Vroeg somer Early summer
Maand: **Month:**		**Jun**	**Jul**	**Aug**	**Sep**	**Okt**	**Nov**	**Des** **Dec**
Die boom se jaarsiklus **The tree's yearly cycle**		Dormant gedurende die winter Winter dormancy			Herontwaking, nuwe groei Reawakening, new growth			Nuwe groei New growth
Aksie / Action	Bonsai van steggies Bonsai from cuttings							
	Verplant Potting							
	Herpot met wortelsnoei Repot with root pruning			Immergroen en bladwisselende bome Evergreen and deciduous trees				
	Vormsnoei Formative pruning							
	Knyp groeipunte Pinch growth points							
	Bemesting Fertilizer							
	Insekdoders Insecticide							
	Somerbeskerming Summer protection							
	Winterbeskerming Winter protection							

The individual opinions expressed in this issue are not necessarily those of the Pretoria Bonsai Kai.